HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

23 Maart 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Mag jy tuis voel in die Geloofsfamilie van Hoogland

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is, kom maak asseblief kennis na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste tafel in die Voorportaal (by die hoofingang).

FIETSTRAP NA...

ZITHULELE GEMEENTE

Jy is baie welkom...



Kom luister & kuier saam

Kom luister saam na die stories & getuienisse van **Ds Wynand Breytenbach** (van Durbanville gemeente).

Hy trap fiets na **Zithulele gemeente**, in die voormalige Transkei area.

INLIGTINGS- & GETUIENISAAND

Maandag, 24 Maart om 18:00 @ PE-Hoogland Gemeente

Isobellaan 1, Charlo

Wil jy kom saam trap?

Enige fietsryers wat dalk 'n ent saam met Ds Wynand wil ry: **Maandagoggend, 24 Maart** vanaf Knysna oppad na Hoogland **OF Dinsdagoggend, 25 Maart** vertrek vanaf Hoogland na Port Alfred om 07:00

WhatsApp asseblief FIETSTRAP & jou naam na 079 815 9325 vir verdere reëlings.

RSVP na 079 815 9325 - WhatsApp jou naam en hoeveel mense saam kom luister.

Elke Hooglander is hartlik uitgenooi na hierdie interessante en insiggewende inligtingsessie!

Moenie dit misloop nie – sien uit om jou daar te sien!

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Danie Nel
GEEN GVG a.g.v. langnaweek

Deurkollekte: Sin Sending

Program vir die week

Maandag: 24 Maart
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel
18:00 Zithulele Inligtingsessie

Woensdag: 26 Maart
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 28 Maart - SKOLE SLUIT
05:15 Mannebediening
08:15 Dagbestuursvergadering

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Hoogland bid saam met jou...
Het jy 'n gebedsversoek? Stuur dit gerus vertroulik via WhatsApp na 079 815 9325. Ons staan saam in gebed.

Liewe Hoogland Gemeente

Namens almal by ABCA (Buffelsfontein Aftree-oord) wil ek ons opregte dankbaarheid uitspreek vir julle ruim finansiële ondersteuning, wat dit moontlik maak om maaltye aan die bejaardes by Buffelsfontein Village te voorsien. Julle goedhartigheid en toewyding aan die gemeenskap maak 'n werklike verskil in die lewens van dié wat ons bedien. Danksy julle ondersteuning kan ons verseker dat ons bejaarde inwoners gesonde maaltye en die sorg ontvang wat hulle verdien.

Ons is ongelooflik dankbaar vir julle samewerking en vrygewigheid. Saam maak ons 'n positiewe impak en bring ons lig in baie mense se lewens.

Nogmaals, baie dankie vir julle ondersteuning!

ALGOA
003-491 NPO
Bay Council for the Aged
Baai Raad vir Bejaardes
Bay Ibhunga Labantu Abadala

Hartlike groete,
Christa Terblanche
Publieke Betrekkinge & Fondsinsameling
Algoa Bay Raad vir Bejaardes

DAGBOEK HIERDIE DATUM!!

JOU KAARTJIE NA ....

Hoogland se KUIERFEES

Vrydag, 23 Mei 2025 vanaf 16:00

Hoogland Kerkterrein, 1 Isobellaan, Charlo

Kom kuier soos net Hoogland kan kuier!! ALMAL IS WELKOM!

Gratis toegang na ...

Heerlike kos, groentemark, veiling & hope kindervermaak

Kom ons maak van die Kuierfees 'n onvergeetlike ervaring!

Die opwinding bou op vir ons gewilde Kuierfees (Basaar) @ Hoogland en jy kan deel wees daarvan! Saam kan ons 'n fees skep vol lekker kuier, heerlike eetgoed en hope pret.

Ons benodig 'n paar items om van die dag 'n sukses te maak:

- Roomysbakke (2L en 5L) – perfek vir heerlike tuisgemaakte lekkernye!
- Glasbottels van enige grootte en vorm – ons het 'n kreatiewe plan vir hulle!
- Veilingitems – het jy dalk wildsvleis, 'n spesiale item of 'n skenking om by te dra?
- Handwerk & ingelegde produkte vir die Plaasstal – wys jou talent en deel iets besonders!
- Tombola-items – skoon en bruikbare huis items, speelgoed, boeke en enige ander lekker verrassings!

Wil jy help?

Gesels met Annalize of Leon as jy iewers kan help. Bring jou skenkings Sondae na die Voorportaal of weeksdae (08:00 - 13:00) na die Kerkkantoor.

Saam maak ons van hierdie Kuierfees 'n reuse sukses!

Vakante pos :

Algemene skoonmaker / tuinwerker (5/8 pos)

’n Vakature bestaan vir ’n algemene skoonmaker / tuinwerker by Hoogland. Ons soek ’n betroubare, hardwerkende persoon om ons span te versterk.

Posbeskrywing

Die posbekleër is verantwoordelik vir algemene skoonmaaktake (stofsuig, voorbereiding en opruiming van lokale, was van vloere en ruite, in en rondom die kompleks beddings skoon te hou, help met voorbereiding van funksies bv. basaar en beskikbaar wees om wanneer nodig ook op ’n Saterdag te help, ens.)

Pos en persoonspesifikasies:

- Geduldig
- Betroubaar
- Moet onafhanklik kan werk
- Goeie interpersoonlike vaardighede
- Goeie kommunikasievaardigheid in Afrikaans

As jy graag netjies werk en goed kan kommunikeer, rig jou aansoek of CV met kontakbare verwysings aan:

Leandra Bonthuys

Aansoeke sluit Dinsdag, 25 Maart om 13:00

Per e-pos: leandra@pehoogland.co.za

Per hand: Kerkkantoor ontvangs : Kantoorure 08:00 -13:00

Kontakbare verwysings is belangrik.

#IMAGINE 2025

4 - 6 April te Jeffreysbaai

Het jy al gehoor van **#Imagine**? As jy dit nog nie beleef het nie, **móét** jy dit hierdie jaar ervaar! Bring jou vriende saam en kom geniet 'n hele naweek vol *awesome praise & worship*, super inspirerende sprekers en soveel **meer pret**!

Wat is #Imagine??

#Imagine is 'n ongelooflike naweek spesiaal vir tieners soos **JY!** Dit is die perfekte plek om jou geloof in Jesus te groei, jou roeping te ontdek en 'n verskil te maak in die wêreld. **Hier is wat vir jou voorlê**:

- Praise & worship soos jy dit nog nooit ervaar het nie
- Motiverende sprekers wat jou lewe gaan verander
- Gebedstasies en groepsessies waar jy diep kan connect
- Werk in spanne en verken jou kreatiwiteit met pret werksessies
- En natuurlik, hope fun op die strand!

Gemeentes van regoor Suid-Afrika bring groepe tieners en hulle leiers na hierdie *EPIC* naweek toe. Almal is welkom - dit maak nie saak wat jou agtergrond of kerk is nie, **JY** het 'n plek hier!

Ons slaap in tente, eet lekker saam, en bou memories wat jy nooit sal vergeet nie!

Hoe kan jy deel wees?

Ons soek ook vrywilligers - of jy nou 'n tiener is wat wil kom, of iemand wat wil help, **almal is welkom** om deel te wees van hierdie groot avontuur.

Details om te onthou:

⇒ Registrasie: Vrydag 4 April, 08:00 (bring jou eie tente saam)
⇒ Kamp open amptelik Vrydag 16:00
⇒ Program eindig: Sondag 6 April om 11:00
⇒ ONTHOU dit is eie Vervoer!!

Stuur sommer dadelik vir Ds Sunell (0832574589)'n boodskap om jou plek te bespreek!!

Moet dit nie misloop nie!!!

#imagine

4-6 APRIL 2025

OOS-KAAP

JEFFREYSBAAI, KARAVAAN PARK

#BRING YOUR SQUAD

R650-00 SLUIT VERVOER UIT

Christenkamp vir tieners 13-18 jaar oud